SEPTEMBER 2020 KWARTAAL 3

# GETUIENISBRIEF

KOM KYK WAT DIE HERE IN ONS LEWENS DOEN

## LÉÉF DIE BOODSKAP VAN HOOP

DEUR STEPHANIE HENDERSON



Ek het onlangs op twee verskillende plekke gelees oor hoe die loots van 'n vliegtuig slegs sy oë moet hou op die instrumente van die vliegtuig en nie moet kyk wat hy om hom sien nie. Dalk 'n storm of elemente van buite wat sy besluite en reaksie mag beinvloed en so ook die vlug se sukses en veiligheid kan bepaal. Daarom vra ek myself: ...kyk ek rondom my na die storm, die onbekende of donkerte of hou ek my oë op die INSTRUMENT wat my veilig aan die ander kant kan uitbring?

Vir my was dit net weer 'n belangrike herinnering om seker te maak my oë bly op die instrument wat my deur 'n storm na veiligheid kan dra en my pad en koers kan bepaal, al lyk dit of daar geen hoop of toekoms is nie. Die Woord van God lei my, help my fokus op Jesus, Sy woord, Sy waarheid .... dìs my instrument. Die HOOP wat ek in Hom het te midde van storms, donkerte en die onbekende. My hoop lê in WIE Hy is en WIE Hy sê ek IN Hom is.

Hoop maak ons anders, dit gee ons motivering om na aksie oor te gaan en in 'n donker wêreld in HOOP te lewe. So bring Ma's-vir-Wellington se tannies, mammas, oumas en vrouens HOOP vir hulle gemeenskap: deur dit te lewe! Dit maak hulle anders, hulle praat anders, lyk anders, doen anders, want hulle lewe met hoop!

Ek bid **Efesiers 1: 18-19: ....dat Hy ons geestesoë só sal verhelder dat ons kan weet watter HOOP Sy roeping vir ons inhou...en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.**

WOW
WOMEN OF WORTH

## VROUEBEDIENING

**WOW** (Women of Worth) is 'n projek wat begin is om vrouens in ons program te mentor volgens die voorbeelde wat vroue vanuit die Bybel vir ons stel. Deur hierdie vroue se voorbeeld te volg, staan ons vir positiewe verandering in ons eie lewens deur bybelse beginsels te volg en dan 'n boodskap van HOOP aan ander oor te dra.

Hierdie vrouens kom maandeliks bymekaar en hou bybelstudie oor vroue in die Bybel. Die doel daarvan is om by hierdie vroue te leer en te sien hoe dié spesifieke vrou haar probleem en uitdagings oorkom het. Op hierdie wyse kan die tannie dit toepas op hulle eie lewens. Elke vrou is bederf met 'n spesiale WOW-boksie. Die boksie is gevul met bederfies, bybelstudieboekie asook bemoediging oor hoe om elke dag te leef soos dit 'n waardige vrou van God betaam.

Die vroue word dan ook uitgedaag om hierdie lesse prakties te gaan uitleef. Elkeen het onder andere 'n sak kruideniersware gekry met bestanddele waarvan hulle 'n spesifieke dis vir aandete moes maak. Die doel was dan om hierdie ete te gaan deel met 'n buurvrou, met die boodskap dat God haar as WAARDIGE mens geskape het. Daar was ook 2 teesakkies in die boks wat die vrouens moes gebruik om saam met 'n ander gemeenskapsvrouens te drink terwyl hulle vir die kinders en Egoli-area intree in gebed. Dit is belangrik dat ons die boodskap van HOOP met ander deel en die GOEIE NUUS van JESUS nie net vir onsself hou nie.




## BID HOOP

Marilyn Appolis het die 2 teesakkies wat sy in haar WOW-boksie ontvang het, saam met 'n buurvrou gaan geniet.

Hulle kon so oor 'n koppie tee hul straat en bure aan God opdra en bid vir vrede en liefde in hulle area. Dit is vrymoedigheid soos hierdie wat toelaat dat gebed 'n hele gemeenskap verander. God is getrou!




## DEEL HOOP




Christell Dampies het die opdrag aangeneem om die kosbestanddele wat sy by die WOW-byeenkoms ontvang het, te gebruik om 'n bredie te kook. Daarna het sy hierdie maaltyd met 'n ander gesin in haar straat gaan deel. Sy kon haar buurvrou bemoedig met die boodskap dat sy WAARDEVOL is in God se oë.

## GEE HOOP

Harriet Williams het haar getuienis na die WOW byeenkoms met 'n buurvrou gaan deel. Hiermee saam kon sy haar seën deur die pot kookkos wat sy moes maak, met die tannie te deel. God is so getrou deur hierdie dame te bemoedig nadat sy net die oggend voor God gelê het en smeek vir voorsiening en kos om te eet. Haar gebede is verhoor deurdat Harriet gehoorsaam was om die OPDRAG wat God vir haar gegee het, te gaan uitvoer.







# AVODAH

Die groep vir persone met intellektuele uitdagings het hulle byeenkomste hierdie kwartaal baie gemis. Vir die meeste van hulle is dit die hoogtepunt van elke week om saam met hulle vriende bymekaar te kom, te kuier en lag, en aktiwiteite te doen. Ons personeel kon hulle een keer per maand persoonlik tuis besoek om liefde en aandag te gee en moontlik uitdagings aan te spreek. Dit was vir ons moontlik om vanaf die begin van die grendeltyd tot einde Augustus hulle huishoudings te ondersteun met kruideniersware ter waarde van R350 per maand. Te danke aan 'n ruimhartige skenking kon ons hul ook voorsien van pap wat hul soggens kon geniet. Elke lid het dan ook maandeliks 'n aktiwiteitspak ontvang met basiese aktiwiteite en inkleurprente wat hulle tuis kon doen om lang eensame dae korter te maak.

Ruan Strauss het dan ook so eie inisiatief geneem deur bottels, roomysstokkies en blikke te herwin en so homself sinvol besig te hou met die maak van potloodblikkies en potplante. Hy verkoop hierdie produkte teen minimale koste om vir homself 'n sakgeldjie in te bring. Ruan ly aan serebrale palsie en te midde die feit dat hy baie moeilik beweeg, maak sy passie vir die lewe dit aansteeklik vir die mense rondom hom.

# GEMEENSKAPSONDERSTEUNING



**Statistiek:**

## Junie - Augustus 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kospakkies | 475 | Verjaarsdaggeskenke: | 69 |
| Pap | 764 | 2de handse klere: | 200 pakkies |
| Maskers | 148 | Aktiwiteitspakke vir kinders: | 483 |

# GETUIENISSE

## Covid oorwinnaar




Geliefde Tannie Mienie, een van ons jarelange Tannie-mammas by ons organisasie, was in Junie-maand platgetrek in die bed met die COVID virus. Tannie Mienie is een van ons getroue tannies, wat al 'n oumagrootjie is, en nog steeds kinders pleegsorg. Sy is nie net 'n ouma in haar eie huis nie, maar ook vir die hele straat se kinders wat weet dat hulle welkom is om aan te klop vir pap, 'n broodjie of 'n lekker vars gebakte vetkoek.

Tannie Mienie is dadelik op ventilators geplaas nadat sy in die hospitaal opgeneem is. Terugvoering vanaf die dokters oor haar toestand was baie sleg en ons het die ergste van haar toestand verwag. 'n Maand later laai ek vars eiers en brood by haar huis af. Sy sit lekker in die winterson. My hart bars van vreugde om haar lag te sien en kyk hoe die kinders weer om haar kloek. Ek trek 'n ou plastiek stoel nader. Haar man vee die straat skoon om die huis, en ek kry die geleentheid om vir Tannie Mienie te vra hoe dit met haar gesondheid gaan. Met 'n hand op haar hart en trane in haar oë vertel sy my hoe God haar teruggebring het, want Sy plan vir haar is nog nie klaar op aarde nie.

Sy vertel: "My kind, ek maak my oë oop, ek is in 'n vreemde plek. Die koors het my so gevat dat ek nie eens geweet het ek is in die hospitaal nie. Ek is moeg, ek kan nie asem haal nie, ek kan nie my oë oopmaak nie, maar in die duisternis hoor ek 'n stem. Hierdie stem vra: het jy kinders, het jy kleinkinders? Ek dink aan al die kinders by die huis en in die straat. Wie gaan dan nou vir hulle sorg? En die stem sê: "Baklei vir hulle, veg teen hierdie virus vir hulle." En ek het! 5 dae van my lewe was weg, ek kon niks daarvan onthou nie, maar ek onthou dat ek wou veg vir hulle.

Met trane in my oë glimlag ek, want hier sit tannie Mienie voor my, met 'n hemp wat sê: " **Home is where MOM is!**"
Aan God alle eer vir haar gesondheid.

# SUPERSTERRE KINDERBEDIENING

## KINDERBEDIENING & ECD

### Kinders word tuis besoek



Hierdie paar maande was 'n tyd waar ons span, die ECD (Early Childhood Development) juffrouens en die Veldwerkers, moes koppe bymekaar sit. Die COVID -19 Pandemie het ons, die ouers en ons kinders uitgeslaan vir 'n 6 en die MvW span het vinnig op hulle voete begin dink hoe kan ons die beste maak van hierdie slegte tyd. Wat kan ons doen wat die beste vir ons 149 kinders en ouers is wat hulself in 'n wasmasjien van onsekerheid, werkloosheid en despraatheid bevind?

Ons 4 flinke Veldwerkers moes in 1 week huisbesoeke doen om vas te stel wat die dringende nood vir hierdie tyd was. Die besef het gekom dat basiese kosbehoeftes dringend nodig was. Daar het 'n wolk van hopeloosheid oor ouers en die gemeeskap gedaal. Maar God is goed en getrou en hoor die roepe van Sy kinders en hulle nood. Met die samewerking van die wyer Wellington gemeenskap, asook oorsese donateurs, kon ons die afgelope paar maande nog elke maand 'n substansiële kospakkie aan elke huisgesin van 'n kind in ons program gee.




### Lewenslesse vir die kwartaal:

- Respek vir ander, my familie en my gemeenskap.
- My verantwoordelikheid teenoor God, myself, my familie en my gemeenskap

### Temas vir hierdie kwartaal:

- Beroepe, winter, my familie, my land en sy diere
- Vervoer, Vorms en kleur en ruimte



Kinders wat getrou hul skoolwerk afhandel en terugvoer gee aan die onderwyseresse, word beloon met 'n heerlike "bederfpakkie" waarmee hul verder kan speel.



'n Groot bederf het die 3-4 jaar kleuters te beurt geval waar hul elkeen bederf is met 'n lieflike gebreide poppie of teddiebeer om snags styf teen hul lyfies vas te druk.



Ons eer elke mamma wat maandeliks getrou haar kind se skoolwerkies kom afhaal en haar kind help leer om intellektueel te ontwikkel om skoolgereed te wees.

## Kinders leer speel-speel tuis

Daar word 'n spesiale whatsapp-projek deur die ECD personeel geloots waardeur die onderwysers direkte kontak het met die kinders se ouers. Ouers kan via hul selfoon met die personeel kommunikeer en terugvoer gee rakende die kinders se vordering.

148 Aktiwiteitspakke is elke maand aan ons begunstigde kinders uitgedeel sodat hulle op 'n pretvolle manier tuis kon leer. Hierdie pakette is oudersdom toepaslik (3-4 jaar & 4-5 jaar) en sluit aktiwiteite vir die hele maand in. Takies word fluks en met groot entoesiasme tuis gedoen. Elke dag se aktiwiteite adresseer die verskeie ontwikkelingsareas soos uiteengesit in ons Amazing Brainz Program. Alle hulpbronne wat die ouers en kinders benodig, is ook in die pakette ingesluit. Leiding om die aktiwiteite korrek met hul kinders te doen, word ook via videos op die Whatsapp-groep aan ouers verduidelik.

## Getuienisse van Ouers

(*name verander)

"Ek is *Linay se moeder, en ek wil graag vir MvW bedank. Ek is 'n enkelouer en dit was 'n tawwe tyd en Linay wou nie na die programme kom nie, maar na die huisbesoeke en die bemoediging het ek so baie moed gekry. *Linay vra nou elke dag wanneer gaan sy terug. Dankie vir die pakkies, dankie vir die besoeke, ek kan die verskil in my kind sien".

"Baie dankie vir Ma's-vir-Wellington, en die aktiwiteite, dit help hom, en ook om ons kind in die huis te hou. "
*(Dankbare mamma)*

"Baie dankie aan MVW vir die kospakkies, ons weet dit is nie julle verantwoordlikeheid om aan ons te gee nie, maar dit help ons kinders baie".
*(Dankbare mamma)*





# PERSONEEL

Die ECD (Early Childhood Development) onderwyseresse, personeel en Veldwerkers is tans bedrywig met huisbesoeke aan al ons kinders. Hulle ondersteun ouers met tuisaktiwiteite en raad hoe om die kinders tot die beste van hul vermoë te help.

Beplanning t.o.v. die kinders se kurrikulum word in spanverband by die kantoor gedoen en die onderwyseresse word gelei om gepaste aktiwiteite vir die kinders uit te werk.

Die ECD- en Avodah personeel, asook die Veldwerkers het die FARR opleiding bygewoon. Dit is 'n werkswinkel om die persone op te lei in die voorkoming, ondersteuning en gevolge van Fetale Alkohol Sindroom. Dit bemagtig hulle om die effek van alkohol in kinders in die gemeenskap te kan identifiseer en wyse opinies en raad met persone te deel.

Elke week word daar 'n skrif van bemoediging aan ouers en tannie-mammas gestuur. Pret pakkies is deur kerke in die omgewing bymekaar gemaak, en so kon ons vir elke kind, volgens sy ouderdom groep, 'n aktiwiteitspakkie gee.




## Strategiese beplanning



Valcare het die inisiatief geneem om met Ezrah NPC hande te vat om vanjaar weer 'n kursus vir NPO's aan te bied vir "groei" in die organisasies. Mariëtte Jacobs fasilliteer hierdie 8 maande Strategiese Beplanningskursus, waar leiers en bestuurders van NPO's weer met vars oë na die toekoms van projekte in die gemeenskap kan kyk. Die organisasies ondersoek op hierdie manier weer hulle Visie en Missie, en nuwe Doelstellings en Uitkomste word opgestel. Harde vrae word gevra: "Maak ons nog 'n verskil?" "Is daar 'n daadwerklike ommekeer in probleemsituasies in ons bedieningsarea?" "Waar kan daar aan ons projekte gesny, gesnoei, bietjie onkruid uitgetrek word of slegs net water gegee word vir optimale groei in die projek of program? Ma's-vir-Wellington het vanjaar besluit om deel van hierdie opleiding te wees. Die kursus bestaan uit 9 lesse met meer as 20 temas wat gedek word. Beplanning vir 2021, asook wat die uitsig vir die volgende 5 jaar, word gedoen. Hou hierdie spasie dop, want 'n hele paar nuwe planne gaan in 2021 geplant word!

## Bybelskool



Vir 2021 se pad vorentoe, fokus die Ma's-vir-Wellington span terug na God se Woord. Jan Slabbert bied weekliks vir ons personeel 'n Bybelskoolkursus aan. Wanneer die storms in jou lewe kom, waar lê jou anker? As die reën kom, en die branders spoel oor jou huis, waarop is jou fondasie gebou? In hierdie pandemie-tyd, het die kernspan van Ma's-vir-Wellington net weer die belangrikheid van God se Woord en Waarheid besef. Wat en waarin jy glo en vasstaan in as jou bootjie geskud word, of sommer jou alledaagse pad met Hom, wat glo jy regtig?

**Matt 7:24-27 Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.**

## Pretdae en Spanbou

Dan is daar natuurlik glad nie 'n gebrek aan spanbou, saamkuier en saamlag nie. Die Covid pandemie het soveel probeer steel van ons vreugde en persoonlike verhoudings. Alhoewel daar streng protokol gevolg word teen die verspreiding van die virus, kon ons darem nie ons lewenslustigheid en vreugde indoen nie. Dankie vir kollegas en vriendinne wat die masker-dra-dae draaglik maak. Wat 'n voorreg om die lewe saam met mekaar te doen, saam laf te wees en ook saam te kan huil. Saam is alles net baie beter!





